

HOOFSTUK I.

PRAAT, UITSPRAAK EN VOORDRAG.

2. „Dood en Lewe.”

„Dood en lewe,” sê die wyse Salomo, „is in die mag van die tong: en diegene wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.” Met hierdie woorde word die betekenis van menslike spraak beklem, alhoewel dit skyn of die wysgeer dit net teen die ongunstige gebruik daarvan het. Ek versoek u egter om die woorde te ontdoen van hul ongunstige bybedoeling, want andersyds bevat hierdie woorde eweneens die waarheid, lê dit nadruk op die enorme betekenis van spraak in die wêreld waarin ons vandag lewe, en dui dit aan dat die korrekte beoefening daarvan genot aan beide die sprekers en die hoorders sal verskaf.

2. Menslike Spraak.

Daar is twee dinge wat die mens onderskei van die dier; eerstens sy regop liggaamstand by die loop en vaardigheid by die gebruik van sy hande, en tweedens sy spraak. Die mens is die sprekende dier. Miskien is dit blote aanmatiging van ons om te beweer dat ons die voorsprong bo die dier het, dog, al kan bewys word dat, soos ons later sal sien, diere 'n spraak daarop nahou, tog vind ons nêrens in die diere-ryk so 'n rykgeskakeerde, so 'n volmaakte middel tot sosiale verkeer as die menslike spraak nie. Ons gebruik dit gedurig in ons omgang met ander lede van dieselfde gemeenskap om ons gedagtes, gevoelens en wense aan ander te openbaar; dit het 'n middel geword om ons met onself besig te hou, want as ons dink, praat ons gewoonlik met onself. Selfs in ons onderbewuste droomlewe is dit met die spraak dat ons gemoeds- en ander taferle voorgeskilder word. Wat die spraak vir die mens as gemeenskapsdier werd is, sien ons in die eensame verstotelingslewe van die doofgeborenes, of in die geskiedenis van 'n blind-dowe Helen Keller, vir wie die lewe eers dan 'n betekenis gekry het, toe sy die

gebruik van taal en spraak magtig geword het. Die spraakmoontlikheid is een van die vernaamste feite van die menslike bestaan. Dis die krag waardeur die menslike gees sy omgewing kan begryp en regeer. Met behulp van die klanktekens bou die mens vir homself 'n wêreld van begrippe op, en in dié wêreld beweeg die mens hom wat betref sy verhouding tot die sintuiglike wêreld rondom hom, wat betref sy oordeel en opvatting van dinge rondom hom. Kan ons die menslike bestaan indink sonder spraak? Daarsonder sal g'n gemeenskapslewe wees nie, g'n kulturele gebeurtenisse nie, g'n strewe na hoëre geestesgoedere nie. Hugo van Hoffmansthal het gesê: „Kerke en skole, reg en geregtigheid, oorlog en vrede, handel en wandel, doen en late, word by ons verkry, gelei, en voortgeplant deur middel van ons Duitse taal: ons tree daardeur tot God in die Hemel, ja ons behou daardeur liggaam en siel.”

3. Alvorens ons nou verder met die uitbouing van ons onderwerp gaan, pas dit ons om eers 'n verduideliking van 'n paar woordjies te gee wat miskien later tot 'n misverstand kan voer: spraak, taal, uitspraak, praat.

4. Ontwikkeling.

Hoërop het ons net terloops melding gemaak van dieregeluide, waaraan miskien definitiewe betekenis gegee moet word: so, byvoorbeeld, word vertel dat by 'n kat vyftien afsonderlike klankverbindings opgeteken is; by 'n perd ses; by 'n wolf tien; sewe by hane en twaalf by hene (die vroulike geslag!); selfs visse is nie stom nie; en die jandiederik met sy wyfie vergas ons op heerlike beurt of tweesange. Hoofsaaklik kan ons die doel van hierdie diere-spraak onder vyf hoofde indeel:

- (a) uitroepe van gevaar.
- (b) uitroepe van geslagsaantrekking.
- (c) uitroepe van suiwer genot.
- (d) uitroepe vir verkryging van voedsel.
- (e) uitroepe van pyn.

Hierdie uitroepé word byna almal by die mens ook gevind en is die resultate van instinktiewe of refleksiëwe bewegings, maar die mens se spraak is nie instinktief nie, dog suiwer beheers deur die wil. Wel word die kind gebore

met 'n neiging tot spraakgebruik en speel hy al gou na die vyfde week van sy bestaan met die spraakorgane om allerhande geluidjies voort te bring. Sy bestaan as mens begin egter eers wanneer hy deur 'n aangebore na-aap-gawe die *taal* van sy omgewing eerstens leer verstaan en tweedens leer beheers. Hierdie taal is dus nie iets waarmee hy gebore word nie, en moet 'n ieder kind dit opnuut van sy menslike kontakte leer. Volgens moderne sielkundige ondersoek is die kindertaal nie 'n geradbraakte grootmens-taal nie, maar kan 'n mens dit 'n ouderdoms-dialek noem, wat deur eie wette beheers word en 'n afgeslote geheel vorm. Langsamerhand verruil die kind sy taal vir dié van sy milieu, omrede die sosiale verstaanbaarheid dit noodsaaklik maak.

5. Definisie van Taal.

Waar ons taal dus definieer as die suiwer menslike en nie instinktiewe manier om na willekeur ons gedagtes, gevoelens, wense aan ander lede van die gemeenskap wat teenwoordig is, of denkbeeldig teenwoordig is, te openbaar, is die simbole wat die *normale* mens daarvoor gebruik hoofsaaklik klanktekens, wat deur die sogenaamde spraakorgane voortgebring word. Ek sê hoofsaaklik, omrede die menslike spraak nie alleenlik uit klanktekens bestaan nie, dog word die klanktekens begelei deur sekere liggaamstande, bewegings van arms en bene (gebare, e.d.m.) en gelaatstrekke (mimiek), wat hoofsaaklik deur die gevoelselement van die taal beheers word. 'n Aangebore en essensiële deel van ons spraak is dus gebare en mimiek; hulle bring beweging, kleur, „perspektief,” daaraan. Derhalwe behoort in goeie voordragkuns dit die fynste aandag te geniet, afgesien van die waarde daarvan by die onderrig van dowes en hardhorendes.

6. Klanktaal

Die klanksimbole, wat gerig is op die gehoor van die lede van ons milieu, bestaan uit fisieke klanke (Duits, Klänge) en geruise, wat òf afsonderlik òf in verbinding met mekaar, in die *spraak* gebruik word, en met die spraakorgane gevorm word. As voorbeeld van 'n geruis kan genoem word die *spraakklank* s, 'n skuurgeluid wat ontstaan deur lug wat tussen tongpunt en blad en tande-

boog deur 'n taamlike nou gleufie pers en dan teen die botande stryk. 'n Fisiese klank het reëlmatig-saamgestelde en -wederkerende trillings, soos *aa*, *ie*, ens.

7. Primêre Funksie van Spraakorgane.

Die spraakfunksie is maar 'n sekondêre funksie van die spraakorgane. As ons onder spraakorgane verstaan: (a) die longe, met sy blaasbalkmasjinerie, wat die dryfkrag vir die meeste van ons spraakklanke verskaf, (b) die strottehoofmeganisme, wat met behulp van die dryfkrag lugtrillings laat ontstaan (sog. stem), en (c) die ruimtes van die keelholte, die mondholte en die neusholtes bokant die stemlippe, waarin die trillings of die asemstroom omgebou word tot verskillende klankkleursoorte: dan vind ons dat: (1) die primêre funksie van die longe die uitwisseling van gasse in die bloed is; (ii) die strottehoof hoofsaaklik 'n klep is wat verhoed dat vaste stowwe in die longe kom, en wat deur sluiting help om 'n stewige, trekpaal te vorm, waaraan die spiere kan trek ingeval van kindgeboorte, wanneer swaar gewigte moet gelig word en by ontlasting van verteerde voedingstowwe uit die liggaam; (iii) die mondholte die plek is waar kos ingeneem word en die mondorgane in die eerste instansie daarvoor gebou is; die neusholtes die plekke waar die reukorgane gehuisves en die gange vir die lug na die longe is, wanneer die mondholte besig met ander funksies is; eindelik is die keelholte die plek vir skeiding van vaste en gasagtige stowwe.

8. Verstandelike Spraak.

Hierdie genoemde funksies vind ons ook by soortgelyke organe by die laere diersoorte, hoewel die bou van hul organe nie presies soos dié van die mens is nie. Deur sy hoëre verstandelike ontwikkeling het die mens die mag om die genoemde organe te gebruik vir ander doeleindes as waarvoor hulle primêr bestem is. Want ons praat tog in die eerste instansie met ons harsings. Vandaar word die boodskappe met die motoriese senuwees na die spiere gestuur wat die organe moet beweeg om spraakklanke te vorm. As daar met die harsing-gedeeltes wat met spraak te doen het iets verkeerd is, sal geen spraakuiting moontlik wees nie, hoe normaal die

spraakorgane gebou mag wees; in die harsings is dus die *sentrale* geleë vanwaar die beweging van ons spraakorgane bestuur word.

9. Taal — Spraak.

Om die begrippe *taal* en *spraak* teenoor mekaar te stel: *taal* is die abstraksie van die spraak van verskillende individue wat aan dieselfde groep behoort; dis die brandstof vir die spraakmasjinerie. Ons word nie met taal gebore nie en as ons sterwe, sterwe ons hoeveelheid taal, vir sover ons dit nie aan ander oorgedra het nie, met ons. Van taalgroep na taalgroep verskil die tale nie alleenlik wat hulle spraakklanke betref nie, maar ook deur middel van hulle woorde, die kleinste betekenis-draende eenhede van taal, en ook wat betref hulle bou, die samestelling van hulle woorde, die funksie daarvan en ander struktuur-eienaardighede. As die Pajoet-Indiaan wil sê: „hulle wat gaan sit en met 'n mes 'n swart hans-buffel stukkendsny,” druk hy dit so uit: „wii-to-koetjoem-poenkoe-roegani-joegwi-va-ntoe-mii,” een woord wat letterlik vertaal word: mes, swart, buffel, hans, regopsit, sny (meervoud), toekomstige tyd, deelwoord, lewendige persoon, meervoud. En hier het ek u net die klanksamestelling gegee, nie bykomende elemente soos die wisseling van toonhoogtes, klem, e.d.m. wat gewoonlik nie in die skrif uitgedruk word nie, maar net sulke wesenlike elemente van die taal is, as die spraakklanke self.

Vir *spraak* vereis ons eerstens die persoonlike kontak tussen spreker en hoorder wat vir 'n abstraksie soos *taal* nie nodig is nie. *Spraak* is dus nie net *gesproke* taal nie, maar is die moontlikheid dat taal, deur middel van 'n sisteem van spraakklank-groepe aan ander wat die taal ken, kan oorgebring word. Ons het reeds al daarop gewys dat die mens met sy spraakmoontlikheid gebore word. As die kindjie sy eerste mama-woordjie kan naspreek, het hy sy eerste trappie op die spraak-leer geklim; en as hy bewus word dat „mama” vir hom 'n bepaalde betekenis uitdruk, 'n betekenis wat hy in sy vatbare geheuetjie wegbêre, dan het hy die eerste muntstuk in sy taal-spaar-bussie weggesit.

10. Praat

'n Onderafdeling van spraak is *praat*; d.i. die manier hoe die taal deur middel van spraakgebruik, psigies en fisies tot uiting kom. Dit kan wees dat ons spraak normaal is, dat ons almal die taal kan verstaan; nogtans *praat* ons die taal verskillend: duidelik of onduidelik, met 'n korrekte of 'n vreemde aksent, stadig of vinnig, doodluiters of opgewonde, e.d.m. skakerings. Party van ons praat min, ander te veel; party hard, ander sag; party welluidend, ander met 'n pennemes-venynigheid wat 'n mens die ritteltit gee.

En tog, hoewel ons miskien sal erken dat ons Afrikaanse taal 'n kostelike geestelike besit is: hoewel ons hou van ons taal en trots daarop is, hoewel ons weet dat deur die behoud van die moedertaal die behoud en vestiging van ons volksyn verseker is; tog vind ons selde iemand wat trots op sy *praat* is. As die dominee ons verveel met 'n oorverdwende gebulder of 'n vervelende gesanik, gaan ons maar net nie kerk-toe nie; as iemand binnensmonds mompel, hou ons maar net die hand agter die oor, of vra: „hoe sê jy?“, of as die kinders in die klaskamer hul speelgoed uit die sak haal, omdat juffrou se onnatuurlike skreestem hulle alle belangstelling in die les laat verloor, moet hulle nog boonop gestraf word vir hierdie gebrek aan belangstelling. As iemand na 'n oninteressante gelees van 'n draadloos-praatjie luister, skakel hy af. Hoewel ons daar dus nie ag op slaan nie en van onderwys-weë daar g'n onderrig in gegee word nie, is dit in die praktyk tog die „hoe“ ons iets sê wat tel, teenoor die „wat ons sê,“ waaraan ons die meeste aandag bestee. Die suksesvolle onderwyser, of predikant, of politieke spreker, e.d.m., is die persoon wat weet hoe om die inhoud van sy les, sy preek, of sy toespraak voor te dra.

11. Geskrewe v. Gesproke Taal.

In ons skool word die aandag hoofsaaklik gekonsentreer op die geskrewe taal, 'n agterstevoorboerdery, want as ons die aandeel van die geskrewe teenoor die gesproke woord stel, dan vergelyk die eerste maar skraaltjies met die tweede. Veral in die eeu waarin ons lewe: met die radio in plaas van die koerant; met sy drukke verenigings-

lewe; met sy snelle verkeer wat 'n gesellige saamwees makliker maak; met sy telefoon; sy politieke bedrywigheid, is dit gedurig na praat wat ons luister, of praat wat ons, partykeer teen wil en dank, moet beoefen.

12. Praat en Kultuur.

Ons lewe in 'n eeu van senuwee-hoogspanning en kulturele bedrywigheid. Dis dus nie uit die lug gegryp as ons beweer dat persone met rasperstemme 'n struikelblok en gevaar vir enige gemeenskap is nie. Mooi het Diesterweg die openbaring van innerlike kultuur in die praat gestel: „Innerlike onbeskaafdheid word duidelik geopenbaar deur 'n onbeskaafde manier van praat. Ek wil vernaamlik in hierdie opsig onderskei: die luie slepende toon as 'n teken van geestestraagheid, van 'n huigelagtige, liefdelose karakter; die breë, plompe, onverfynde toon as 'n teken van gemeenheid.

Ware beskawing gaan van die innerlike uit en veredel die toon; maar ook die uiterlike beskawing werk op die innerlike terug. Om tegnies korrek te praat is daarom inderdaad 'n gimnastiek van die gees. Praat en ek sal u sê wie u is.

Graag wil ek nog hierby voeg „en waar u vandaan kom.” Ek sal my miskien aan laster skuldig maak as ek op spesifieke voorbeelde in ons eie land wys, maar ek dink dis Vendryes wat vertel van kabinetministers wat deur hul dialekties-gekleurde Frans dadelik hul afkoms uit die slegte faubourgs verraa. 'n Mens in daardie posisie hoef hom nie te skaam oor sy afkoms nie, inteendeel; maar wat hy hom wel deeglik oor behoort te skaam, is sy onverfynde spraak, wat van geen innerlike verryking van die gees getuie nie.

Selfs die eenvoudigste boerebevolking kan die waarde van 'n mooi stem aanvoel, en sal gepraat word van: „Het die dominee tog nie 'n pragtige stem nie!” Globaal gesproke praat ons boeremense baie hard, maar hier moet ons met generaliseer versigtig wees, want in plaas van gebrek aan verfyning kan hierdie oormatige intensiteit by die stem te wyte wees aan die buitelewe op die oop vlaktes, waar verstaanbaarheid alleen deur intensiteitsvermeerdering erlang kan word. Later kom ek op die verskillende

stemsoorte terug, iets waarop so dikwels nie gelet word deur ondervysers wat leerlinge vir kunswedstryde voorberei nie.

13. Retorika.

Vanaf die vroegste dae het die kuns om goed en mooi te praat, die retorika, sy luisterryke beoefenaars gehad; ons dink aan Demosthenes en Aeschines in Griekeland; Cicero in die Romeinse Ryk; Burke in Engeland; Sastri in Indië. Vòòr die uitvinding van die boekdrukkuns in die middeleeue het die sprookspreekers van plek na plek gereis en die publiek met hul vertellings vermaak. Vandag het ons nog 'n voortsetting daarvan in die moderne dramatiese opvoerings. Ná die uitvinding van die boekdrukkuns het die gesproke woord onder die pantoffel van die geskrewe woord gekom en is erg stiefmoederlik behandel.

14. Praat en Spelling.

Soos u reeds uit die uiteensetting van die wese van taal gesien het, is taal gladnie 'n vaste onveranderlike en afgeslote gebied in die lewe van 'n mens nie. Dit *lewe* en nie net as 'n sisteem van woorde en redevorms nie, maar dit het 'n deelgebied in die opbou van die lewe as geheel. Dis soos 'n groeiende boom wat sy krag put deur sy wortels, wat in ander gebiede van kulturele ontwikkeling gespruit het. Dit spreek dus vanself dat die skryftaal wat 'n portret van die lewende taal probeer wees, nie die asemhaling, bewegings, gevoelens van die lewende taal kan weergee nie. Die fynere skakerings van die gesproke taal, die intonasie, die sins- en woordklem, die ritme, e.d.m., wat die tekens van lewe in 'n taal is, is nog nooit in die geskrewe taal simbolies voorgestel nie. Daarby nog hierdie oorweging: so 'n skryftaal, wat die ooreenstemming tussen spraakklanke en ortografiese simbole betref, gee ons 'n prentjie wat in toeka se dae miskien aan konsekwente, logiese beginsels voldoen het. As ons die ou verskimmelde prentjies vandag beskou, dan kan jy nouliks glo dat die hedendaagse afstammeling sulke voorvaders gehad het, en tog het ons, wat ons skryftaal betref, nie tred gehou met die groei en, soos Sapir dit noem, „drift” van die spreektaal nie. Ons word nog regeer deur die grootjie-gees-konservatisme van die skryftaal. Die ou

Patriotters wou losbreek van die voorskootpunte van 'n eertydse moeder toe die selfstandig-voelende kind gesê het: „Ons gaan skrywe soos ons praat.” Die verstandige voortvarendheid van die jeug moes egter plek ruim vir 'n konserwatiewe piëteitsgevoel, met eienaardige gevolge. Die ou laai van die skryftaal om die spreektaal soos 'n tiran te regeer, het ook toe in Suid-Afrika sy verskyning gemaak. Onlangs wys ek 'n onderwyser daarop dat ons tog nie praat van „perde” en „mense” nie, maar dat ons dit *pêre* en *mêse* uitspreek, d.i. sonder die *n* en met vokaal deur die neus. „Maar ons skrywe dit dan tog „perde” en „mense,” was sy antwoord. 'n Ander, 'n dosent aan 'n normaalskool, het weer aangevoer dat dit nie prakties moontlik is om die spreektaal in die skole te leer nie, omdat dit so afwyk van die skrif; asof dit nie al die tyd by die onderrig van Frans, Duits en Engels gedoen word nie. Dink maar hoe u gewurg het aan die Engelse *cough*, *dough*, *bough*, *enough* en *hiccough*, 'n elk met 'n eie uitspraak van enerse skriftekens.

Ons lewe vandag weer in die eeu van praat! Dis die middel waarmee werkgewer en werknemer met mekaar onderhandel, Ons het losgebreek van die oorheersing deur die geskrewe vorm. Die lewende het oor die dooie geseëvier.

15. Uitspraak.

Aangesien ons ons nie meer gaan rig na die beginsel: „ons praat, soos ons skrywe nie,” moet ons derhalwe 'n ander rigsgoer vasstel. So 'n rigsgoer kan uit die aard van die saak, alleen 'n relatiewe maatstaf wees, aangesien ons dit gaan grond op 'n lewende, groeiende, veranderende norm. Ons gaan so 'n norm stel: (a) vir die tegniek van van praat en (b) vir die uitspraak, en dis veral op (b) dat die relatiwiteitsbeginsel van toepassing is. Met *uitspraak* bedoel ons die bepaalde stande wat die spraakorgane inneem om bepaalde akoestiese resultate vir die spraakklanke waarmee 'n idee in spraak weeggegegee word te laat ontstaan. Waar ons die spraakklanke met klippe kan vergelyk, waaruit ons gesproke taal saamgestel is, daar word met die uitspraak die bepaalde vorm bedoel wat die klippe aanneem.

16. Standaard-uitspraak.

Streng wetenskaplik gesproke, varieer die uitspraak in meerdere of mindere mate van persoon op persoon. Hierdie afwykende uitsprake laat hulle in groter eenhede groepeer, wanneer sekere streke of klasse hulle afsonder van ander, deur uitsprake wat hulle om 'n werklike of denkbeeldige kern groepeer. Waar sulke groepe 'n definitiewe karakter dra, word hulle *dialekte* genoem. Aangesien daar verskillende sulke groepe by 'n volk mag bestaan, is dit vir die onderlinge verkeer noodsaaklik dat 'n eenheidsbeginsel aangeneem word. Die *standaard-uitspraak* kan wees: (a) die uitspraak van 'n oorheersende groep, (b) 'n abstraksie van die uitsprake van al die groepe, (c) 'n bewus vasgestelde norm wat die meeste bevrediging sal gee, e.d.m.: hoofsaaklik is dit afhanklik van politieke, sosiale en ekonomiese oorwegings.

Met so 'n jong taal soos Afrikaans en 'n rondtrekkende volk soos vanaf die vroegste tye die Afrikaners was, is dit vanselfsprekend dat daar g'n tyd was vir vasgestelde dialekte om gevorm te raak nie. En tog praat ons nie van die Kaap tot in Transvaal 'n enerste taal nie. Wat die uitspraak betref, kan ons die taal van die Kaapse kleur-ling, met sy *djy* en *boem* en *wiet* vir *jy* en *boom* en *weet*, met sy eienaardige stygende-intonasie, e.d.m., byna as 'n dialek van Afrikaans beskou. Die taal van die Rehobothbasters en Grikwas, met sy behoue oud-Nederlandse segwyses, sy sintaktiese afwykings en sy eienaardige uitspraak, reken ons as 'n soort van heterotogtone dialek van Afrikaans. Luister na 'n stukkie Grikwa-Afrikaans soos deur Dr. J. H. Rademeyer opgeteken is: „My tata was 'n kortgebondage man. „Jou meid!’ skrou hy, „en ôrwaat sou eek jou sô lank galê leer had om te die roer gebruik, as jy hier nes ou vrou sô stan vrek-bang. Eek blô jou, as oens by die huus kom, sal eek jou lê breekslaen, orlat jy sô vrotsag ees.”

Ek verwys u na ander afwykende uitsprake wat Le Roux en Pienaar in „Afrikaanse Fonetiek”¹ opgeteken

1) Fonetiek is die wetenskap van stem en spraakklanke. Dit bestudeer die fonasie of klankuiting van 'n normale wese in die teenswoordige en is nie gebonde deur geografiese beperkings nie. Die doel van die fonetiese ondersoek is om die vorming van stem en spraakklanke te analiseer, die resultate te orden en dan 'n wetenskaplike beskrywing en indeling van die feite te gee. Die wetenskappe wat die fonetiese studie ten grondslag lê, is fisika, anatomie, fisiologie, matesis en biologie.

het. Op 'n paar verskille wat by blankes aangetref word, wil ek nog graag die aandag vestig. Van Malmesbury na Caledon se kant-toe gebruik die ou gevestigde inwoners inplaas van die tongpunt-r-klank die brei-R, wat met die kleintongetjie teen die agter van die tong, of met die agter van die tong teen die verste-agtergedeelte van die sagte verhemelte gevorm word. Dis g'n spraakgebrek by dié mense nie, maar 'n uitspraak-gewoonte, waarvan die oorsprong moeilik te bepale is. Dan vind 'n mens by die Transvalers die eenaardige „Brechtung” by die *ee-*, die *oo-* en die *eu-*uitspraak; i.p.v. *weet*, *boom*, *neus*, hoor jy *weæt*, *boēm*, *neuəs*, of liever *wieæt*, *boeām* en *nuuəs*. (Die klank wat ə geskrywe word is die klinker in „wit”). Stel hierteen oor die Westelike Provinsie se *wiet*, *boem*, *neus* en vergelyk met albei die uitspraak wat as standaard-Afrikaans aangeneem word: nl. die suiwer-vokale *ee*, *oo*, *eu*. Afwisselende uitsprake onder invloed van Engels, sal later by die bespreking van die afsonderlike spraakklanke behandel word.

17. Standaard-Afrikaans.

So-ewe het ek *Standaard-Afrikaans* gepraat. Wat is Standaard-Afrikaans? Miskien sal dié Kapenaars wat 'n streng provinsialisties-gekleurde lewensbeskouing het, sê: „Ons uitspraak van Afrikaans is die beste,” wat al dadelik by enersvoelende Transvalers protes en verzet sal uitlok. Vandag met die uitwisseling van onderwyskragte in die vier provinsies, met die telefoon, die snelle verkeer en les-bes die radio-omroepe in ons land, sal ons, as nie met standaardisering bewus-handelend opgetree word nie, 'n klein Babeltjie geskep word. 'n Mediese hoofinspekteur van skole vertel my dat onlangs, toe hy aan 'n klas vrae stel, die antwoorde: „Ja, Meneer” en „Nee, Meneer” met 'n snaaks-stygende intonasie van al die kinders ontvang. Die heeltemal on-Transvaalse uitspraak, moes hy uitvind, was 'n na-aping van Juffrou s'n wat êrens uit Bredasdorp afkomstig was.

Omdat fonetiese lettertekens gebruik word by die fonetiese beskrywing (gewoonlik een teken per spraakklank) moet dit egter nie met *ortepie*, die studie van spel-sisteme, verwar word nie. Ook het dit, as wetenskap, niks te doen met die geskiedkundige ontwikkeling van spraakklanke nie: dit verskaf ons die historiese klankleer. Die betekenis-skeppende funksie van spraakklanke in verskillende tale val weer in die studiegebied van die *Fonetiek*.

In *Afrikaanse Fonetiek* van Le Roux en Pienaar vind u 'n uiteensetting van die Afrikaanse uitspraakleer en is, wat uitspraak betref, die beste handleiding in Afrikaans.

16. Standaard-uitspraak.

Streng wetenskaplik gesproke, varieer die uitspraak in meerdere of mindere mate van persoon op persoon. Hierdie afwykende uitsprake laat hulle in groter eenhede groepeer, wanneer sekere streke of klasse hulle afsonder van ander, deur uitsprake wat hulle om 'n werklike of denkebeeldige kern groepeer. Waar sulke groepe 'n definitiewe karakter dra, word hulle *dialekte* genoem. Aangesien daar verskillende sulke groepe by 'n volk mag bestaan, is dit vir die onderlinge verkeer noodsaaklik dat 'n eenheidsbeginsel aangeneem word. Die *standaard-uitspraak* kan wees: (a) die uitspraak van 'n oorheersende groep, (b) 'n abstraksie van die uitsprake van al die groepe, (c) 'n bewus vasgestelde norm wat die meeste bevrediging sal gee, e.d.m.: hoofsaaklik is dit afhanklik van politieke, sosiale en ekonomiese oorwegings.

Met so 'n jong taal soos Afrikaans en 'n rondtrekkende volk soos vanaf die vroegste tye die Afrikaners was, is dit vanselfsprekend dat daar g'n tyd was vir vasgestelde dialekte om gevorm te raak nie. En tog praat ons nie van die Kaap tot in Transvaal 'n enerste taal nie. Wat die uitspraak betref, kan ons die taal van die Kaapse kleur-ling, met sy *djy* en *boem* en *wiet* vir *jy* en *boom* en *weet*, met sy eienaardige stygende-intonasie, e.d.m., byna as 'n dialek van Afrikaans beskou. Die taal van die Rehobothbasters en Grikwas, met sy behoue oud-Nederlandse segwyses, sy sintaktiese afwykings en sy eienaardige uitspraak, reken ons as 'n soort van heterotogtone dialek van Afrikaans. Luister na 'n stukkie Grikwa-Afrikaans soos deur Dr. J. H. Rademeyer opgeteken is: „My tata was 'n kortgebondage man. „Jou meid!’ skrou hy, „en ôrwaat sou eek jou sô lank galê leer had om te die roer gebruik, as jy hier nes ou vrou sô stan vrek-bang. Eek blô jou, as oens by die huus kom, sal eek jou lê breekslaen, orlat jy sô vrotsag ees.”

Ek verwys u na ander afwykende uitsprake wat Le Roux en Pienaar in „Afrikaanse Fonetiek”¹ opgeteken

1) Fonetiek is die wetenskap van stem en spraakklanke. Dit bestudeer die fonasie of klankuiting van 'n normale wese in die teenswoordige en is nie gebonde deur geografiese beperkings nie. Die doel van die fonetiese ondersoek is om die vorming van stem en spraakklanke te analiseer, die resultate te orden en dan 'n wetenskaplike beskrywing en indeling van die feite te gee. Die wetenskappe wat die fonetiese studie ten grondslag lê, is fisika, anatomie, fisiologie, matesis en biologie.

het. Op 'n paar verskille wat by blankes aangetref word, wil ek nog graag die aandag vestig. Van Malmesbury na Caledon se kant-toe gebruik die ou gevestigde inwoners inplaas van die tongpunt-r-klank die brei-R, wat met die kleintongetjie teen die agter van die tong, of met die agter van die tong teen die verste-agtergedeelte van die sagte verhemelte gevorm word. Dis g'n spraakgebrek by dië mense nie, maar 'n uitspraak-gewoonte, waarvan die oorsprong moeilik te bepale is. Dan vind 'n mens by die Transvalers die eienaardige „Brechung” by die *ee-*, die *oo-* en die *eu-*uitspraak; i.p.v. *weet*, *boom*, *neus*, hoor jy *weæt*, *boem*, *neuəs*, of liever *wieæt*, *boeəm* en *nuuəs*. (Die klank wat ə geskrywe word is die klinker in „*wit*”). Stel hierteen oor die Westelike Provinsie se *wiet*, *boem*, *neus* en vergelyk met albei die uitspraak wat as standaard-Afrikaans aangeneem word: nl. die suiwer-vokale *ee*, *oo*, *eu*. Afwisselende uitsprake onder invloed van Engels, sal later by die bespreking van die afsonderlike spraakklanke behandel word.

17. Standaard-Afrikaans.

So-ewe het ek *Standaard-Afrikaans* gepraat. Wat is Standaard-Afrikaans? Miskien sal dië Kapenaars wat 'n streng provinsialisties-gekleurde lewensbeskouing het, sê: „Ons uitspraak van Afrikaans is die beste,” wat al dadelik by enersvoelende Transvalers protes en verzet sal uitlok. Vandag met die uitwisseling van onderwyskragte in die vier provinsies, met die telefoon, die snelle verkeer en les-bes die radio-omroep in ons land, sal ons, as nie met standaardisering bewus-handelend opgetree word nie, 'n klein Babeltjie geskep word. 'n Mediese hoofinspekteur van skole vertel my dat onlangs, toe hy aan 'n klas vrae stel, die antwoorde: „Ja, Meneer” en „Nee, Meneer” met 'n snaaks-stygende intonasie van al die kinders ontvang. Die heeltemal on-Transvaalse uitspraak, moes hy uitvind, was 'n na-aping van Juffrou s'n wat êrens uit Bredasdorp afkomstig was.

Omdat fonetiese lettertekens gebruik word by die fonetiese beskrywing (gewoonlik een teken per spraakklank) moet dit egter nie met *ortepie*, die studie van spel-sisteme, verwar word nie. Ook het dit, as wetenskap, niks te doen met die geskiedkundige ontwikkeling van spraakklanke nie: dit verskaf ons die historiese klankleer. Die betekenis-skeppende funksie van spraakklanke in verskillende tale val weer in die studiegebied van die *Fonologie*.

In *Afrikaanse Fonetiek* van Le Roux en Pienaar vind u 'n uiteensetting van die Afrikaanse uitspraakleer en is, wat uitspraak betref, die beste handleiding in Afrikaans.

18. Mooi en lelik, wat die *uitspraak* betref, is bloot relatief, 'n gril van die tyd, 'n mode-gier soos vrouensklere. Vir ons mag uitsprake soos *tjeent, tint, sjeel vir kind, tent, geel*, plat klink, tuishorende by 'n die laagste klasse van ons volk, maar ons moenie vergeet dat die verfoeide van vandag die spog-uitspraak van môre gaan wees nie. En tóg verban die beskaafde ontwikkelde klas Afrikaner, of hy nou boer op Put-sonder-water is, of bank-bestuurder op Pietersburg, of Universiteitsprofessor is in Stellenbosch, deur die bank hierbogenoemde uitsprake, en dis tog dié mense, hoewel 'n ware demokrasie g'n klasse-vooroordele moet hê nie, wat die toon aangee. Waar daar nou verskille by jou gemiddelde ontwikkelde klas bestaan, gaan jy nie by die aanneem van 'n standaard die wette van die Mede en die Perse toepas nie, dog verdraagsaamheid beoefen. Waar die afwykings by die groepe so groot is dat die verstaanbaarheid, by die onderlinge verkeer, aan die kortste end sal trek, daar word 'n tussenvorm gekies wat vir altwee aanneembaar is, miskien 'n oorspronklike vorm waarvan die ander afgewyk het, of miskien 'n vorm van 'n tussengroep wat aansluiting met albei vorms toon. Jou „standaard”, of liever „algemeen verstaanbare Afrikaans” is *nie iets van blywende aard nie*, is ook nie op die onveranderlike skryftaal gegrond nie — ons kan nie oor ons Akademie klae, as ons dink aan die bokkespronge van hulle spelreëls nie — maar dit versit sy bakens met die tydsgety, en wortel in die lewende taal van die volk.

Nou kom jy dit op kunswedstryde veral teë, dat die soos-windhonde-aferigste voordraertjies daar optree met klanke wat so eksieperfeksie gevorm word, dat hulle jou plat-duik deur hulle hiperkorrektheid. Die r-klank word gerol asof 'n skielike donderweer losgebars het:

„Berrrg van Sterrrkte! Leeu van fierrrheid!

Tierrr wat doodsprrrring in die nag!

Van die berrrge tot die seevlak

Onbetwis trrrrek jou gesag!”

Of die klinkers met lipronding, waarby die lippe so kragtig gerond en gestulp word, dat dit klink asof die kermgeeste van 'n onderwêreld losgelaat word!:

Kom na my tuin waar die donkerrooi rose

Duist're geheime vertrou aan die nag;

Sonnestraal-kusse en suidewind-kose,
Drome en liefde die lang somerdag.

Die afrigters gaan soms verder. Nie tevrede met onslan-se-kos nie, probeer hulle allerhande oorsese maneuwels. Die agter-klinker *aa* in daar, word so'n „prop-*perse*” Nederland *aa*; die kort *ie* in liefde word gerek soos 'n konsertina, miskien omdat die liefde, lank-moedig is; waarom die *f* in *w* verander word in dieselfde woord, ook op sy Nederlands, is my nie duidelik nie; of is dit omdat die liefde trillings in die liefkosende laat ontstaan? So hoor jy wind en wit en hitte met 'n Nederlandse middelhoë voor-klinker in plaas van die Afrikaanse middellae tussen-klinker; die Nederlandse en Engelse stemlose *h*, vir die Afrikaanse stemhebbende klank, om nie te praat van die spesiaal-vir-die-geleentheid stemhebbend uitgedoste *d* en *b*, in *hand* en *rib* nie; almal gedrogte wat in Afrikaans g'n bestaansreg het nie.

Die sogenaamde „elokusie” wat die kinders geleer word, het sinoniem geword vir *oordrewe* korrekte spraak en uitspraak. In baie gevalle word dit deur mense gedoseer wat wel 'n bietjie stem-tegniese ondervinding opgedoen en hulle op dramatiese gebied bekwaam het, maar wat g'n deeglike studie van die spreektaal van die volk gemaak het nie. *Die kuns van welsprekendheid of korrekte spraak-beoefening moet as uitgangspunt, die spreektaal van die volk hê, aangesien die vernaamste eienskappe van 'n goed-afgerigte stem, of dit nou sang of voordrag is, rekening moet hou met die spraakklanke van die spreektaal.*

19. Opsomming: Standaard-Afrikaans.

Om nou saam te vat wat ons van standaard-Afrikaans probeer verduidelik het.

(a) Daar is g'n absolute standaard by die spraak, soos ons by mate, gewigte, e.d.m. het nie. 'n Ieder vertoon afwykings, nie alleenlik ten opsigte van die spraakklanke se akoestiese waarde nie, maar ook wat die toonhoogte, die ritme, die klem gebruik e.d.m. betref.¹⁾

(1 Prof. Daniel Jones in 'n onlangse artikel oor „Received Pronunciation” sê die volgende:

„As far as English-speaking people themselves are concerned, I suggest that educational authorities should leave everyone to pronounce as he pleases, and that no attempt should be made to impose one particular form of speech upon anyone who prefers another form. Above all it appears to me important that no person

(b) Standaard-Afrikaans laat afwykings toe wat hulle om een of meer denkbeeldige kerns beweeg. Hierdie kerns se bestaan is bloot relatief. Net soos mans 'n bepaalde kleredrag het en tog variasies van kleur en snit toelaat, so ook het 'n standaard g'n vaste grense nie, maar sal 'n te groot afwyking van die kern met sy gebruiklike variasies dadelik as vreemd en ontoelaatbaar opval.

(c) Die volgende standaarde bepaal wat die kern sal wees:

- (i) *Die verstaanbaarheidstandaard.* Wat te veel afwyk van die standaard, sal die verstaan van spraak in die wiele ry en hierby moet ons, soos in (a) verduidelik, ook intonasie, ritme, e.d.m., saam met die spraak-klanke, in aanmerking neem. Let wel dat dit soms verkiesliker is om meer as een standaard op te stel deur die spraakgebruik in verskillende landsgedeeltes in aanmerking te neem, as om 'n hipotetiese standaard op te stel wat almal moet tevrede stel, maar nie op die spraakgebruik self gebaseer is nie.
- (ii) *Die sosiale standaard.* Hoe belangrik dit is, selfs in 'n uitgesproke demokrasie soos Suid-Afrika, blyk uit die feit dat ons sekere uitsprake as plat bestempel. Hierdie sosiale standaard laat hom ook geld by die tempo van die spraak, die algemene artikulasiebasis en die ritme, asook by stemkwaliteit en intensiteit. Die standaard wat nagestreef word is die spraak van die gemiddelde ontwikkelde persoon, hoewel dit nie geld dat elke ontwikkelde persoon dié standaard gebruik nie. Andersyds gebeur dit dat sprekers van die ontwikkelde klasse maniere van praat aankweek om nog vernamer te klink en sodoende weer van die algemeen-gebruiklike vorm afwyk en derhalwe vreemd aandoen. Waar die standaard bepaal word volgens die spraak van die gemiddelde persoon, gebeur dit darem ook dat spraakgebruike van die laere klasse deurwerk na die hoëres toe. Ook kan geslags-, ouderdoms- of beroeps-

should ever disparage the pronunciation of another. If people like to conform to some standard, let them do so by all means. And let teachers and educational authorities point out the advantage of speaking in a manner easily understood in large areas of the English-speaking world. I submit, however, that they should not exercise pressure either in favour of or against conforming to standards."

invloede die deurslag by die aanname van 'n sosiale standaard gee.

- (iii) *Die estetiese standaard.* Hierdie estetiese toetssteen moenie verwar word met algemeen-aangenome gebruik nie. Dit het definitief te doen met wat werklik mooi of lelik is in die spraakgebruik self en het veral betrekking op stemkwaliteit, tempo, oordrywing van bepaalde artikulasiebewegings wat onaangename akoestiese resultate tengevolge het. Daar moet egter gewaak word teen die praktyk van die elokusieskool om 'n kunsmatige mooipraterij aan te bring. Hierdie onnatuurlikheid wat gewoonlik teken is aan oordrewe of on-Afrikaanse klinkerwaardes, knallende ploffers en bruisende wrywingsklanke, ry die verstaanbaarheid in die wêreld en word as vreemd deur die deurslag-spreker aangevoel. Werklike verfyning van spraak word alleen verkry deur 'n verfynde innerlikheid, die aristokrasie van die gees. Lloyd James sê van die elokusie-beoefenaars: „Nowhere perhaps is this body of opinion more useful than in the light it throws upon the public attitude to so-called aesthetic standards imposed by those whose main business it is to practise the Art of Speech, namely the elocutionists. They have been the least successful performers, speakers, or readers before the microphone, and have as a rule come off very badly.”

- (iv) Eindelik is daar die *Skrif-standaard*, wat Lloyd James die Visuele Standaard noem. As hierdie standaard streng toegepas word, kan die slagspreuk: „praat soos jy skrywe” die grondbeginsels daarvan goed saamvat. Ons moet toegee dat in die wêreld waarin ons vandag woon die skryftaal by magte is om 'n groot behoudende invloed op die spreektaal uit te oefen, alhoewel dit nie moontlik is om die gedurige taalverandering stop te sit nie. Daar ons skryftaal nie stelselmatig en konsekwent die spreektaal weergee nie waar uitsprake algemeen afwyk van die geskrewe vorms, is dit dus verkeerd om jou uitspraak op die skryftaal te baseer wat tenslotte maar so 'n

klein gedeeltetjie van die werklike spreektaal in skrif verbeeld.

Lesers sal dus uit die voorafgaande gemerk het hoe moeilik dit is om 'n definisie van Standaard-Afrikaans, wat die spreektaal se klankwaardes betref, te gee. Hoewel daar 'n standaard-grammatika is, moet ons by die spreektaal nie met een onveranderlike maat meet nie.

20. Artikulasiebasis.

Daar is, wat die spreektaal betref, algemene tendense of wette wat die uitspraak van sy klanke beheers. Hierdie wette word saamgevat onder die hoof: *artikulasie-basis*.

Die van u wat oplettend geluister het na die spraak van 'n Zoeloe of 'n Fransman, sal waarskynlik getref gewees het deur die vastigheid van artikulasie, deur die mate van energie wat met spiersaamtrekking gepaard gaan. Stel hierteen die uitspraak van Engels en Afrikaans, dan vind u 'n slapheid van spierspanning, 'n algemene neiging na neutraliteit wat hemelsbreed van die genoemde tale verskil. Wie dus Afrikaans korrek wil praat, moet behalwe die wete van hoe klanke gevorm word, ook kennis dra van die artikulasie-basis wat aan die uitspraak van die Afrikaner ten grondslag lê. Ons moet erken dat die oorsake vir hierdie artikulasiebasis moeilik aan te gee is. Dit hang waarskynlik saam met volkstemperament, rasvermenging, klimatologiese toestande, e.d.m.; (met versigtigheid en voorbehoud word hier gegeneraliseer). Die slap spierspanning wat Afrikaans kenmerk, het ten gevolge: die ondergespannenheid van sy vokale; die groot aantal tweeklanke of diftonge; die breking van langvokale soos *oo*, *ee*, *eu*; die geringe asemdruk nodig by ploffers soos *p*, *t*, *k*, en *b*, *d*, *g*; die neiging van tussen-klanker-afsluitingsklanke om vernouingsklanke te word, omrede die geringe spierspanning by afsluiting; die geringe aandeel van die lippe by vokaal-vorming — derhalwe is oor-ronding by klanke soos *oo*, *uu*, *ui*, *eu*, ens. so on-Afrikaans; die neiging vir al die spraakklanke om na die neutrale tongstand te ontwikkel; die bevordering van assimilasies, d. i. die invloed van twee spraakklanke op mekaar, waarby een of almal van die spraakklanke van hulle klank-karakter inboet; die bevordering van die kompensasie-

werking waarby bewegings vir een klank oorgaan op 'n ander klank, soos by genasaliseerde vokale in Afrikaans, waarby die oopmaak van die klep na die neusholte in plaas van by die vorming van die nasaal te geskied, reeds met die vorming van die vokaal verskyn, en die vokaal 'n nasale kleur kry: dit veral, en op nog meer gebiede het die artikulasie-basis sy stempel afgedruk.

Hiermee moet ons algemene opmerkings oor die klankvorming afsluit, maar let wel dat klankvorming nie die hele spraak is nie.

21. Intonasie.

Behalwe klankvorming en die invloed wat spraak-klanke op mekaar uitoefen, het ons vereers die *wisseling van toonhoogtes* by die stemhebbende klanke. Hierdie wisselende toonhoogtes is nie afhanklik van die toonhoogtes van die afsonderlike woorde in Afrikaans, soos in Sjinees of, tot 'n sekere mate, in Zoeloe wel die geval is nie. In Afrikaans word die toonhoogtes hoofsaaklik deur die gevoel gedra. Selfs die definitiewe patrone wat ons by die verskillende soorte uitings soos bewerings, wense, vrae, e.d.m., vind, kan, soos later sal uiteengesit word, herlei word na die gevoelsfaktor wat hierdie patrone laat ontstaan het. By verskillende volke word verskillende patrone van dié wisseling van toonhoogtes, dus afwykende melodieë, by die spraak gebruik. Prof. Lloyd James vertel van 'n Indiese student wat hom eendag op sy kamers wou spreek; hy was by sy skryftafel en in die bedrieglike lig kon hy die student nie herken nie. Derhalwe het hy beleefd gevra: „What do you want?” Die student het woedend omgedraai en die deur agter hom toegeruk. Later het dit geblyk dat in die bepaalde Indiese dialek die intonasie of wisseling van toonhoogtes die volgende betekenis aan die woorde laat toekom het: „Wat d— maak jy hier: trap.” Wanneer 'n Fransman Afrikaans sou praat met sy eie intonasie sou ons vreemd opkyk, alhoewel die *uitspraak* van die klanke heeltemal suiwer Afrikaans mag wees. Dus het die intonasie van 'n taal karakteriserende sowel as betekenis-aanduidende funksie, en g'n beoordeling van gesproke Afrikaans durf geskied sonder deeglik met die korrekte intonasie rekening te hou nie. Kinders word gewoonlik geleer: julle stemme moet by elke komma styg

en by 'n punt daal en by 'n vraag moet die stem altyd styg. Die resultaat: allerhande komieklike deuntjies.

Ons kan dus in die intonasie die teken van die lewende gebaar in die spraak self sien wat gewoonlik nooit in die skrif weergegee word nie. Ons neem tot voorbeeld die woordjie: „Ja”. Sê u dit as eenvoudige instemming, dan is die intonasie gelyk en laag; by 'n vraag is dit van laag na hoog stygend; by afdoende instemming is dit van hoog na laag dalend; by 'n verbasing-openbarende vraag is dit hoog-stygend; by belangelose instemming is dit laag-dalend; by twyfel is dit stygend-dalend-stygend. Ons sien in elk van hierdie patroontjies-in-klein die intonasie van die hele sin. Stel hierteenoor werklike betekenisaanduidende toon-wisseling: Zoeloe *inyanga*; dalend aan end beteken dit, dokter en stygend beteken dit, „maan”: of Noord-Sjinees ,má, wat òf moeder, vlas, perd òf kop-was beteken, na gelang die intonasie hoog-gelyk, hoog-stygend, laag-stygend of hoog-dalend respektiewelik is.

Andersyds kan ons met die sinnetjie „Jy gaan môre skooltoe”, 'n bewering, 'n vraag, 'n bevel of 'n wens uitdruk net deur die deuntjie te verander waarmee die klankgroep as geheel uitgespreek word.

22. Intonasie en Temperament.

Onderwysers wat nie bewus hulle daarop toelê om die euwel teë te werk nie, is verantwoordelik vir die temerige, eentonige klaskamer-leeswyse, waarby alle lewendigheid onder 'n eenselwige sleepgang gelykgeskaaf word. Vra u uselwe af, waarom dit is dat so min mense van predikante en lektore hou wat hulle toesprake aflees, dan kom dit net neer op die dooierigheid, en eentonigheid van die leesmetode. Luister egter na die lewendige verteller en u sal verwonder wees oor sy gedurige wisseling van toonaard, sy beweeglikheid wat die hoogte-wisseling van die stemtoon betref, dië baasspeler wat weet om sy instrument te hanteer.

Groot beweeglikheid hang natuurlik saam met jou persoonlike en jou volks-temperament: stel die emosionele tipe Fransman teenoor die nugter Hollander en beskou die Afrikaner 'n meng-produk van Hollander, Duitser en Fransman, dan sal u verstaan waarom die karakteristieke intonasie van die volke so verskillend is.

Behalwe hierdie wisseling van toonhoogte maak ons in die spraak ook van *klem* gebruik, d.i. die krag waarmee ons 'n woord of woordgedeelte uitspreek. Die Germaanse tale gebruik die *krag* vir betekenis-differensiëring tussen woorde waarvan die spraakklanke enerste is. Vergelyk Afrikaans: *vóórspel* en *voorspél*, *róman* en *román*, *kópie* en *kopié*; Engels: *cónflict* en *conflict*; Duits: *úebersetzen* en *uebersétzen*; *gèbet* en *Gebèt*.

Die resultate van hierdie meerdere kragtoewending is 'n kragtiger asemstroom en 'n groter trillingslag van die stemlippe.

Behalwe hierdie betekenis-differensiërende funksie van die klem, kry ons nog 'n karakteristieke gebruik daarvan in verskillende tale. In Zoeloe byvoorbeeld val die klem altyd op die voorlaaste vokaal van die 'woord': vgl. *ngibóna*, *ngiboníle*, *ngibonisísa*; in Engels is dit vir ons snaaks dat hulle praat van *hotwáterbottle*, *ármcháir*, *plúmpúdding*, *wastepáperbasket*. Ons in Afrikaans het ook ons moeilikhede: is dit *télegram* of *telegrám*; *stándard* of *standáárd*? Vroeër moes dit baie algemeen die gebruik gewees het om die klem op die laaste gedeelte van 'n saamgestelde woord te plaas, en ons hoor by die ouer geslag nog: *Johannesbúrg*, *Rooiwál*, *rooi póéier*, *kafferskráál*, *wildehoénder*, *koe(k)síster*, *Annie-Ján*, *Hannie Kóós*, Algemeen gebruik ons nog *wildebéés*, *wildeáls*, *soetamáling*, *swartwitpens*, *riksdáálder*, *witseerkéél*, *Potchefstróóm*, en kan ons aanneem dat waar wisselvorms bestaan, waarby die klem òf op die eerste òf op die tweede gedeelte val, laasgenoemde 'n ouer gebruik is.

In afgeleide woorde val die klem gewoonlik op die wortel van die woord, byv.: *begín*, *spáársam*, *wérkloos* e.d.m. Saamgestelde woorde het vandag die klem gewoonlik op die eerste deel van die samestelling: byv. *bórshemp*, *patáta-pampoen*, *máánhaar-jakkals*, *súikerstroop*. Ander woorde wissel af: *jákkals*, *mébos*, *renóster*, *manél*, *krok-kedíl*, *pampóén*, ens. Selfs afleidings is nie so maklik onder reëls te bring nie: *vóórbeeld*—*voorbééldig*; *fotográf*—*fotografié*; *wántrou*—*wantróúerig*, e.d.m.

24. Sinsklem.

Dis nie die enigste gebruik van klem nie. In Afrikaans, wanneer ons 'n sekere iets spesiaal wil benadruk, gebruik ons addisionele klem, wat dikwels met 'n verandering van die toonhoogte van die betrokke klank(e) gepaard gaan. Psigologiese kontras-werking kom op hierdie wyse tot uiting. Die sinnetjie „*Jan stap vinnig skooltoe*” kan nog vier ander betekenis-wysigings aanneem, al na gesê word:

Ján stap vinnig skooltoe (dus nie Piet of Klaas nie).

Jan stáp vinnig skooltoe (dus hy ry of hardloop nie).

Jan stap vinnig skooltoe (dus nie stadig nie).

Jan stap vinnig skóóltōe (dus nie na 'n ander plek nie).

Sinsklem, net soos intonasie, waarmee dit ook nou verbonde is, is dus ook 'n openbaring van die gevoelslewe in die taal, en moet in die voordrag wel deeglik in ag geneem word. Waar spesiale nadruk gelê word, moet tegelykertyd gewaak word teen 'n bederwe van 'n mooi stemkleur, deurdat die wande van die spreekkanaal deur oormatige spierspanning te hard gemaak word met die gevolg dat die stemklank aan skelheid wen; ook het die oormatige spierspanning in die strottehoof-keelholtegebied 'n invloed om die stemklank as 't ware toe te knyp, die „drukklanke” te laat ontstaan.

25. Duur.

'n Ander eienskap van spraakklanke wat in die skrif ook min in aanmerking geneem word, is die *lengte* of *duur* van klanke en die *tydsfaktor* by die spraak. By ons in Afrikaans het ons eintlik net 'n lengte-verskil by die klinkers en daar is dit hoofsaaklik karakteriserend, alhoewel by gevalle soos *man-maan*, 'n langer duur die klinker-kwaliteitsdifferensieringsfunksie ondersteun. Ek noem gevalle soos sjokolá (kort oo's) en hoog (lang oo); miet (kort ie) en mier (lang ie); nuut (kort uu) en muur (lang uu), alwaar die lengte van die klanke deur die klem en die omliggende klanke bepaal word. Behalwe die „*man-maan*”-geval, alwaar die kwaliteit van die vokale nie presies eners is nie en 'n toevallige „*koel-koeël*”-verskil tussen lank en kort wat ook betekenis-verandering teweegbring, is vir my taalgevoel altans, in die volksmond

'n lengte-verskil tussen klinkers aan ontwikkel, wat ook betekenis-aanduidend is: vgl. *pont* (rivier-vervoer) kort en *pond* (gewig en geld) lank; *volk* (nasie) kort, en *volk* (naturelle) lank; *bort* (siekte) kort en *bord* (eet-gereedskap) lank; *sterre* (hemelliggame) kort en *stêre* (sitvlakke — gemeensaam) lank; *grond* (figuurlik) kort en *grond* (letterlik) lank; *kuns* (skilderkuns, ens) kort en meestal ongenasaliseerd en *kuns* (slag) lank en genasaliseerd; *kersie* (vrug) kort en *kersie* (diminutief van kers, wat lig verskaf) lank; *vers* (gedig) kort en *vers* (bees) lank.

Vir Afrikaans word gewoonlik aangeneem dat die konsonante almal kort is in teenstelling met Italiaans byv. waar lang konsonante ewe geredelik as die kortes voorkom, soos in *casa* (huis) en *cassa* (doodkis); *topo* (muis) en *toppo* (boomstomp). In Afrikaans het ons samestellings soos *vissop*, *drukkuns* en *liggeel* waarby die eerste lid van die samestelling eindig met die klank waarmee die volgende begin. Sulke toevallige lang konsonante is skaars en het in die gewone spraak die neiging om kort te word. Nou moet deur leerlinge en onderwysers opgepas word dat in woorde soos *wippe*, *takke*, *mowwe*, e.d.m., die geskrewe vorm nie die uitspraak beïnvloed nie. Daar word geen twee p-, k- of w-klanke in die betrokke woorde gehoor, waar twee tekens wel geskrywe word nie.

26. Tempo.

Die tydsfaktor moet nog op ander maniere in die spraak rekening mee gehou word. As 'n mens na 'n lewendige gesprek luister, vind jy dat die gemoedsstemming van die sprekers op gegewe oomblikke die tempo van die spraak beïnvloed. Is 'n mens opgeruimd, dan wen die tempo aan snelheid; is jy terneergedruk of wil jy so 'n stemming skep, dan vertraag jy die tempo. In 'n sekere sin dus is ook die spreektempo 'n „termometer” van die gevoel. Wat die tempo in die algemeen betref, vind ons dat die ontwikkelingsfaktor nogal 'n groot rol speel. Minder-ontwikkelde, geestelik verarmde praat stadig, slepend en temend: „Neelsie sê ver Meester hy moet bênekom ên op die kees seet.” Hoog-ontwikkelde praat vinnig, oor die algemeen te vinnig vir duidelikheid en verstaanbaarheid.

24. Sinsklem.

Dis nie die enigste gebruik van klem nie. In Afrikaans, wanneer ons 'n sekere iets spesiaal wil benadruk, gebruik ons addisionele klem, wat dikwels met 'n verandering van die toonhoogte van die betrokke klank(e) gepaard gaan. Psigologiese kontras-werking kom op hierdie wyse tot uiting. Die sinnetjie „*Jan stap vinnig skooltoe*” kan nog vier ander betekenis-wysigings aanneem, al na gesê word:

Ján stap vinnig skooltoe (dus nie Piet of Klaas nie).

Jan stáp vinnig skooltoe (dus hy ry of hardloop nie).

Jan stap vinnig skooltoe (dus nie stadig nie).

Jan stap vinnig skóoltoe (dus nie na 'n ander plek nie).

Sinsklem, net soos intonasie, waarmee dit ook nou verbonde is, is dus ook 'n openbaring van die gevoelslewe in die taal, en moet in die voordrag wel deeglik in ag geneem word. Waar spesiale nadruk gelê word, moet tegelykertyd gewaak word teen 'n bederwe van 'n mooi stemkleur, deurdat die wande van die spreekkanaal deur oormatige spierspanning te hard gemaak word met die gevolg dat die stemklank aan skelheid wen; ook het die oormatige spierspanning in die strottehoof-keelholtegebied 'n invloed om die stemklank as 't ware toe te knyp, die „drukklanke” te laat ontstaan.

25. Duur.

'n Ander eienskap van spraakklanke wat in die skrif ook min in aanmerking geneem word, is die *lengte* of *duur* van klanke en die *tydsfaktor* by die spraak. By ons in Afrikaans het ons eintlik net 'n lengte-verskil by die klinkers en daar is dit hoofsaaklik karakteriserend, alhoewel by gevalle soos *man-maan*, 'n langer duur die klinkerkwaliteitsdifferensiëeringsfunksie ondersteun. Ek noem gevalle soos *sjokolá* (kort oo's) en *hoog* (lang oo); *miet* (kort ie) en *mier* (lang ie); *nuut* (kort uu) en *muur* (lang uu), alwaar die lengte van die klanke deur die klem en die omliggende klanke bepaal word. Behalwe die „*man-maan*”-geval, alwaar die kwaliteit van die vokale nie presies eners is nie en 'n toevallige „*koel-koeël*”-verskil tussen lank en kort wat ook betekenis-verandering teweegbring, is vir my taalgevoel altans, in die volksmond

'n lengte-verskil tussen klinkers aan ontwikkel, wat ook betekenis-aanduidend is: vgl. *pont* (rivier-vervoer) kort en *pond* (gewig en geld) lank; *volk* (nasie) kort, en *volk* (naturelle) lank; *bort* (siekte) kort en *bord* (eet-gereedskap) lank; *sterre* (hemelligame) kort en *stêre* (sitvlakke — gemeensaam) lank; *grond* (figuurlik) kort en *grond* (letterlik) lank; *kuns* (skilderkuns, ens) kort en meestal ongenasaliseerd en *kuns* (slag) lank en genasaliseerd; *kersie* (vrug) kort en *kersie* (diminutief van kers, wat lig verskaf) lank; *vers* (gedig) kort en *vers* (bees) lank.

Vir Afrikaans word gewoonlik aangeneem dat die konsonante almal kort is in teenstelling met Italiaans byv. waar lang konsonante ewe geredelik as die kortes voorkom, soos in *casa* (huis) en *cassa* (doodkis); *topo* (muis) en *toppo* (boomstomp). In Afrikaans het ons samestellings soos *vissop*, *drukkuns* en *liggeel* waarby die eerste lid van die samestelling eindig met die klank waarmee die volgende begin. Sulke toevallige lang konsonante is skaars en het in die gewone spraak die neiging om kort te word. Nou moet deur leerlinge en onderwysers opgepas word dat in woorde soos *wippe*, *takke*, *mowwe*, e.d.m., die geskrewe vorm nie die uitspraak beïnvloed nie. Daar word geen twee p-, k- of w-klanke in die betrokke woorde gehoor, waar twee tekens wel geskrywe word nie.

26. Tempo.

Die tydsfaktor moet nog op ander maniere in die spraak rekening mee gehou word. As 'n mens na 'n lewendige gesprek luister, vind jy dat die gemoedsstemming van die sprekers op gegewe oomblikke die tempo van die spraak beïnvloed. Is 'n mens opgeruimd, dan wen die tempo aan snelheid; is jy terneergedruk of wil jy so 'n stemming skep, dan vertraag jy die tempo. In 'n sekere sin dus is ook die spreektempo 'n „termometer” van die gevoel. Wat die tempo in die algemeen betref, vind ons dat die ontwikkelingsfaktor nogal 'n groot rol speel. Minder-ontwikkelde, geestelik verarmde praat stadig, slepend en temend: „Neelsie sê ver Meester hy moet bênekom ên op die kees seet.” Hoog-ontwikkelde praat vinnig, oor die algemeen te vinnig vir duidelikheid en verstaanbaarheid.

27. Pousering.

Ook die *pousering* in die spraakuitings is van tydsduur afhanklik. 'n Mens praat in betekenisgroepe wat van mekaar deur korter of langer pouses geskeie word. Maar pousering hang ook met nadruk saam, nou verbonde dus aan die gevoelslewe van die taal.

28. Ritme en Maat.

Die gevoelsgolf in die spraakuiting word gedra deur die *ritme*. *Ritme* is dus afhanklik van die intonasie, die sinklem, die tempo en pouserings in die spraak. *Ritme* is die herhaling van soortgelyke dinge na vaste tydsduur. *Isokronie* of gelykheid wat tyd betref, is van die vernaamste vereistes van *ritme*. *Ritme* is egter nie 'n eentonige herhaling van dieselfde prentjie nie: dis *maat*. *Ritme* lewe deur sy veranderlikheid; dit omsluit groter eenhede; dit stu voort soos die immer-wiegende verskillende deining van die see; dis die kloppinge van die Siel van die Heelal. *Maat* is 'n skepping van mense-vernuft, 'n mense-interpretasie van *ritme*, maar werklike spraak, werklike digkuns (prosa en poësie) openbaar net *ritme*. Dis iets wat uit die onderbewuste van die kunstenaar na boontoe stoot, waaroor hy g'n beheer het nie, en derhalwe, as 'n gedig voorgedra word, of spraak uit die siel geopenbaar word, dan moet die voordraer of spreker hom in die gevoelsuiting van die kunstenaar só probeer inleef dat hy gedra word deur die *ritme* daarvan en nie 'n deun-gesank op die maat van 'n voet-getik weergee nie. *Scripture* beskryf die golf-toppe van die ritmiese golfbeweging as energie-sentroïdes, wat ongeveer op gelyke afstand van mekaar verwyder is, energie-hoogtepunte wat deur die faktore wat hierbo aangegee is tot stand kom.

29. Psigies en Fisies — 'n Totaliteits-opvatting.

In die voorafgaande het ons herhaaldelik by die bespreking van spraak op beide die fisiese en die psigiese faktore gewys wat by die spraakuiting in werking tree. Die psigiese spraakuiting verdeel ons in (a) die intellektuele en (b) die gevoelsuiting, hoewel daar moeilik 'n vaste skeidslyn tussen die twee te trek is. Aangesien die emosies weer deur die liggaam as geheel 'n uitdrukking

vind, het ons nie bloot met spraakklank-verbindinge in ons spraak te doen nie. Ons kan dit aan 'n voorbeeld veraanskoulik. Op skrif staan die sinnetjie: *Het ek jou nie lank reeds gewaarsku om dit nie te doen nie?*

Die spreker sal sy liggaam effens vooroorbuie na die aangesproke persoon toe, die gesig sal reguit na hom kyk met effens verbete mondtrek, en oë omlaagblikkend van 'n meerdere na 'n mindere. Die hand sal waarskuwend gelig word, met die wysvinger na die skuldige gestrek. Die tempo sal afgemete wees, met desnoods 'n kort pouse na elke woord: na „gewaarsku” 'n langer pouse. Die intonasie of melodie-patroon is soos vir 'n bevel met hoë-lae uiterstes naby mekaar: die hele stygend-dalend om beslistheid, finaliteit weer te gee. By „lank” sal die stem skielik hoog styg, die hoof effens omhoog buie en die blik véraf word, om die indruk van lankgelede te verbeeld. Waar die ander vokale en tweeklanke effens verkort sal word, sal by „lank” beide *a* en *ng* gerek word om dit bo die res te laat uitsteek. By die eerste *nie* weer 'n klein styging met vermeerderde asemdruk — dus verhoogde intensiteit vir spesiale nadruk. Al die spraakklanke word met verskerpte artikulasie veral van konsonante uitgespreek om beslistheid, afgemetenheid te openbaar. Die stemkleur sal effens hard en skel wees omrede die verhoogde spier-inspanning.

Hierdie onvolledige beskrywing van die uiting stel die sprekende voor as hy ontevrede is, sonder simpatie, maar nog nie boosaardig nie. Dis van 'n meerdere teenoor 'n mindere. Waar die persoon boosaardig is, of as hy darem meegevoel wil betoon, sal die hele beskrywing gewysig moet word.

Ons sien dus, dat, hoewel van die intellektuele harsing-gedeelte 'n boodskap na verskillende spraak-organe gestuur word om 'n bepaalde idee uit te druk, nl.: *ek het jou reeds lank gelede gewaarsku om dit nie te doen nie*, daar, cm 'n bepaalde indruk te skep en 'n sekere gevoelkleur daaraan te gee, 'n hele reeks liggaams-, stem- en spraakklank-stande ingeneem word; daarby word wysiging van asemdruk e.d.m. aangebring.

Ons moet egter nie die spraak as bestaande uit die

som van hierdie bewegings beskou nie, eerder dit as 'n lewende geheel betrag wat moeilik in sy onderdele te ontleed is, net soos die lewende wese in al sy doen en late, moeilik onder die wetenskap se ontleedmes te bring is.

30. Doel Spraakonderrig.

En so sien ons die gesproke taal hom in 'n hele reeks nuanses openbaar. En hierdie verskillende elemente wat die karakter van die spreektaal bepaal, is weer onderhewig aan invloede soos gemoedstemming, ouderdom, ras, sosiale afkoms, opvoeding, temperament, en wat dies meer sy. Juis om sy veelsydigheid is die spreektaal so interessant, en juis om sy praktiese, sosiale waarde is dit so belangrik dat meer aandag daarby bepaal word, as wat dit vandag by ons in die maatskaplike lewe en in die onderwys ontvang.

Selma Robinson in 'n artikeltjie in The Reader's Digest van April 1937 wys daarop dat spraakklasse die laaste jare in V.S.A. tien keer meer bygewoon word as in die verlede: „The students are not only school pupils, but everyday men and women who realize that we live, love, buy, sell, work and pray through speaking, that we are known by the way we speak”

Soos reeds beklem is, is die bedoeling van spraakonderrig nie om hiper-korrek te deklameer volgens die ou elokusie-resep nie, intendeel om te leer om natuurlik en tot nut van die gemeenskap te praat, om te praat soos 'n opgevoede, intelligente uitgaaf van jouselwe en nie 'n vlees- en bloed-naäping van iemand anders se miskien oordrewe eienaardighede nie. Jy moet leer om jouself te ken, ook wat jou spraak betref.

Hierdie inleiding was noodsaaklik om my lesers eers 'n blik van die hele gesigsveld te gee, alvorens ek my by besonderhede gaan bepaal.